# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 2

## Mei/Junie 2014

## Graad 12

**PUNTE: 80**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | ’n Opstel | (40 punte) |
| AFDELING B: | EEN lang transaksionele tekste | (20 punte) |
| AFDELING C | EEN kort transaksionele teks | (20 punte) |

2. Kies en beantwoord EEN vraag uit AFDELING A, EEN vraag uit AFDELING B en EEN vrag uit AFDELING C.

   Bestee ongeveer 60 minute aan AFDELING A en 30 minute aan elk aan AFDELING B en C.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees.

7. Dui jou beplanning deeglik aan. Trek ’n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A: OPSTEL**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 200-250 woorde.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die opstelonderwerp aan.

**VRAAG 1**

1.1

## 'n Volksverhaal wat my oupa vir my vertel het

Skryf 'n opstel waarin jy 'n volksverhaal wat jou oupa vertel het, vertel.



[*Afrikaans is lekker*]

Dink aan:

- Wie die karakters in die storie is
- Wat in die storie gebeur
- Wat die einde van die storie was

(40)

OF

1.2

## Die man/vrou het die wêreld 'n beter plek gemaak ...

Skryf 'n opstel waarin jy vertel hoe 'n man/vrou die wêreld 'n beter plek gemaak het.

Dink aan:

- Wie die man/vrou is
- Wat hy/sy gedoen het
- Hoekom jy dink dit was goed


(40)

Kopiereg voorbehou

OF

1.3 **Die strate van …**

Skryf ’n opstel waarin jy die strate van die plek waar jy bly beskryf.





Dink aan:

- Waar die straat is?
- Wat alles is die straat gebeur.
- Wie almal in die straat bly
- Hoekom jy so baie van die straat hou (40)

OF

1.4 **Geweld in skole**



[*Mozilla Fire Fox*]

Baie skole is nie meer veilige plekke waar kinders in vrede kan leer nie.

Skryf 'n opstel waarin jy die geweld in skole beskryf.

Dink aan:

- Die omgewing waarin die skole is.
- Die soort geweld in die skole.
- Die tipe leerders wat betrokke is.
- Die plekke waar die geweld plaasvind.
- Hoe leerders reageer as daar geweld is.
- Hoe die skole die geweld hanteer (40)

1.5 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1



[Mozilla Firefox] (40)

OF

1.5.2



[Uit: *Drum* Junie 2010] (40)

OF

Kopiereg voorbehou

1.5.3



(40)

[Mozilla Firefox]

**TOTAAL Afdeling A**: **40**

EN

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die TRANSAKSIONELE TEKS moet 80-100 woorde wees.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die LANG TRANSAKSIONELE TEKS aan.

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou maat het ’n partytjie gereël om geld in te samel vir mense wat nie kos het nie. Dit was baie lekker.

- Skryf ’n brief waarin jy hom/haar gelukwens met die lekker partytjie. (20)

OF

2.2 **VERSLAG**

Skryf ’n verslag aan die skoolhoof oor die polisie wat met julle oor kinderregte gepraat het.

Jy kan aan die volgende dink:

- Wie met julle gepraat het
- Wat die persoon gesê het
- Hoekom die skoolkinders daarvan gehou het (20)

OF

2.3 **DIALOOG**

Skryf ’n DIALOOG tussen jou en jou maat oor verskillende gelowe en seremonies in ons land.

Jy kan na die volgende verwys:

- Watter gelowe daar is.
- Wat die gelowe elkeen glo
- Watter seremonies daar is
- Wat tydens elke seremonie gebeur

Skryf julle gesprek in dialoogvorm neer.

Begin só:

My maat: Sjoe! Ons het nogal baie verskillende gelowe in Suid-Afrika
Ek: Ja. Ons is so gelukkig dat ons kan glo wat ons kan wil. Ek dink aan … (20)

OF

2.4 **FORMELE BRIEF**

Jy is die leier van die groep leerders wat ’n kerk gehelp het met hulle werk onder straatkinders.

Skryf ’n FORMELE BRIEF aan die kerk waarin jy hulle gelukwens met die werk wat hulle doen.

Jy kan na die volgende verwys:

- Wat jy by hulle geleer het
- Hoe gemotiveer jy is om self kos en klere vir die straatkinders bymekaar te maak
- Hoe julle nog wil help met die straatkinders (20)

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

EN

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die KORT TRANSAKSIONELE TEKS moet 50 – 80 woorde wees.

**Vraag 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Maak 'n plakkaat oor tradisionele musiek en danse.

Hou die volgende in gedagte wanneer jy jou plakkaat maak:

- Watter tradisionele musiek en danse jy wil beskryf.
- Belangrike woorde wat dit beskryf .

LET WEL: Punte word vir inhoud en nie vir versiering toegeken nie (20)

OF

3.2 **UITNODIGING**

Jy en jou maats gaan 'n partytjie vir straatkinders hou.

Skryf 'n uitnodigingskaartjie aan die bestuurder van die "*Hope Centre*" en nooi die straatkinders na die partytjie toe.

Jy kan die volgende in gedagte hou:

- Waar die partytjie gehou gaan word.
- Wanneer dit gehou gaan word.
- Hoe laat die partytjie gaan begin.
- Watter vermaak (speletjies, musiek, kompetisies, ensovoorts) daar is. 20)

OF

3.3 **AANWYSINGS**

Lees die prentjies hieronder baie mooi en skryf dan SEWE sinne neer oor hoe jy tee sal maak.



(20)

**TOTAAL AFDELING C: (20)**
**GROOTTOTAAL: (80)**